# Woer War

Jaargang: 1985 + 40 | Uitgawe 1 | 6 Maart 2024


# Vriendskap deur die jare

**Johan Grobler (Grobbies)**

Fliek was nog altyd vir my baie lekker en daarom doen ek soms die moeite om terug te keer na die films wat 'n indruk op my gemaak het. In 1986 op 18-jarige leeftyd was ek in die teater vir "Stand by Me". Hierdie Rob Reiner film gebasseer op Stephen King se riller, *The Body,* vertel die verhaal van 4 jong tienerseuns in die middel jare 50 opsoek na 'n lyk van 'n maat wat verdwyn het.

Die film lewer 'n skitterende blik op die gedagtegang van hierdie jong seuns ek ook hulle ontmoeting met die dood en ook hulle eie verganklikheid. Die film eindig waar die een karakter baie jare daarna terugdink aan hulle ervaring as 13-jariges en die retoriese vraag vra of 'n mens ooit weer sulke intense vriendskappe al hê as toe jy 13 jaar oud was?




Op 'n sekere manier is ek in presies dieselfde plek as die karakter in ***Stand by Me***. Die opgewondenheid tydens die ontdekkingstog na ou vriende, die hereniging en talle gesprekke wat ons met groot opgewondenheid terugneem na ons skooldae, nou reeds amper 40 jaar gelede, laat my dink dat die karakter 'n punt beet het.

Meeste van ons het darem kontak behou met een of twee of selfs meer skoolmaats. In my geval is dit darem 'n hele paar. Dit is egter die ontdekking van daardie maats, waarvan jy bykans vergeet het wat vir my die lekkerste is.

Die vermoeë om jouself in sekondes 40 jaar in tyd terug te plaas bly verbasend. In 'n oogwink is ons almal terug in 'n klaskamer, op die sportveld, iewers as 15, 16 en 17-jariges, asof ons kan sien, voel en ruik na gebeure wat reeds lank reeds in die verlede is. Die emosionele band wat soms weggepak word in ons besige lewens saam met ons gesinne en beroepe, is egter steeds daar en is ek dankbaar om te sien dat dit onder die stof uitgeruk word en met groot genoegdoening deur baie van ons gedeel word.

Ek hoop dat hierdie ervaring vir julle soos vir my nie net positief sal wees nie, maar ook 'n perspektief sal bring op ons lewenspad vanaf ons gemeenskaplike beginpunt.

Ek hoop dat die woorde en musiek van die temalied ***Stand by Me*** deur Ben E. King julle sal herrinner aan ons gesamentlike verlede en skooljare aan Hoërskool Verwoerdburg. Ek hoop ons kan in die maande wat voorlê handevat en mekaar nader trek met die woorde ***"Just as long as you stand by me".***